



'n Affodil*

06.2022

LEES: Efesiërs 1:1-14

TEMA: Ek is Sy kind - verseker

“In sy liefde en genadige beskikking het Hy ons bestem om deur Jesus sy kinders te wees.” v5

Die alwyse en almagtige Here God het voor die skepping van die aarde alreeds bestem dat Hy, vanuit al die mense op aarde, deur die geslagte heen, mense uitkies om Sy kinders te wees. Watter heerlike gedagte is dit nie om te kan sê:

God het my gekies, ek weet ek is Sy kind.

Maar hoe kan ons seker wees dat God ons gekies het? Baie mense, juis wanneer hul swaarkry, begin aan die antwoord op hierdie vraag te twyfel. Party mense sal sê, “Ek werk baie hard in die kerk, of my pa/man was al die jare ouderling gewees, of ek gee steeds my tiende aan die kerk.” Ander maak weer staat op hul status of finansies.

Maar weet verseker - al dié dinge beteken niks, want lank voor ons gebore is, het God ons alreeds gekies. Dis nie net die hardwerkendste of slimste, of rykstes wat in die hemel kom nie. Nee!!

Dit is juis die groot vertroosting, die bemoediging wat ons moet onthou. Selfs al is ek swak, sieklik en het ek nou al oud geword, al was my jare vol swaarkry en seer, kan God ook vir my gekies het om na Sy ewige hemel te gaan.

Hoe gebeur dit dan? Hier staan geskrywe dat God ons kies vanuit Sy liefde en genade wat sigbaar word deur Sy Seun wat Hy stuur om in ons plek te sterwe. Die werk wat ons moes doen (onder andere gehoorsaamheid en liefde aan God), het Jesus in ons plek gedoen. En Hy doen nog meer.

Hy is besig om ons na die ewige lewe by Sy Vader te lei. Ja, as gevolg van God se werk, is ons glad nie meer op pad na die ewige dood nie. Na al God se werke, behoort ons in ons swakheid, selfs in die ergste sonde, te bly erken en bely:

“Ek is swak en sondig, my werke beteken niks.”

“Ek glo dat Jesus vir my gesterwe het.”

Dan hoef ons nie bekommerd te wees of ons uitverkies is, of nie. Nee, want ons weet en glo in Jesus, as die Saligmaker, omdat God ons gekies het. God het aan ons hierdie reddende geloof gegee. Ek kan steeds met groot dankbaarheid die getuie hiervan wees. Selfs in die ergste ellende moet ons oortuig bly van God se werke wat Hy in ons begin het, wat Hy sal voltooi. Niks gaan Sy liefde in ons stop nie.

Sien Sy ontsaglike liefde en genade raak. Ja, selfs ek, ek die nikswerd, is vir Hom kosbaar. Hy maak my Sy kind. Hy sal my in Sy huis innooi om vir ewig by Hom te bly.

Here, gee dat ek, temidde van selfs my ergste ellendes, sal kan vashou en bly glo aan dié vertroostende kennis. Dat ek in U ewige liefde toegevou sal bly, en dat U genade vir my steeds genoeg sal wees.

Amen.

*Volgens Jes 35:1 sal die affodille (Ou Vertaling = narsing, die presiese blom is nie duidelik nie) in die dor woestyn staan, om die vermoede pelgrim (v3-6) te bemoedig. Sodat hulle ellende en smart sal verdwyn en hulle vol vreugde en blydschap sal aankom in Jerusalem (v10).

Opgestel deur ds Paul Geertsema
En versprei deur Geref. Kerk Brackenhof
kantoor@gkbrackenhof.org.za